# Die Welgelegener

**CHRISTUS IS DIE HERE**

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou … Om so sy groot opdrag uit te leef.

Geroep Gewillig Gestuur — AUGUSTUS 2026



## Lentefees is om die draai

### *met al die ou gunstelinge!*

Sien jy ook al uit na ons groot Lentefees op Saterdag 12 September? Ons begin weer met die gebruiklike Lenteloop om 08:30 die oggend waarna verkope by die tafels open: koffie & koek, pannekoek, poeding, handwerk, wit olifante, jaffles, kerrie & rys, boereworsrolle, potjiekos, braaivleis, spitbraai, lekkergoed en koeldrank, speletjies vir die kinders, allerlei gebak en 'n propvol plaastafel met wors, groente, vrugte, blomme, heuning, olyfolie, neute, droëvrugte en konfyte.

Ons beplan ook 'n paar verrassings vir die dag, so maak seker jy mis nie al die lekkertes nie.

MAAR… ons het jou hulp nodig! Bestudeer die meegaande pamflet met die lys van bestanddele en skenkings wat gevra word en kontak die konvenor van die tafel waar jy graag betrokke wil raak betyds sodat hulle ook hul beplanning vroegtydig kan doen.

Kom, raak betrokke, rol jou moue op en werk saam om weer 'n heerlike Lentefees hier by ons kerk te hou - vir oud en jonk! Nooi jou bure, vriende en familie en kom kuier saam!

## Dankbaarheidsmaand

### gesellig saam afgesluit

Ons het heerlik gekuier om die etenstafel na afloop van ons Dankdiens op Sondag 31 Mei. Dankie aan almal wat gehelp het met die voorbereiding van die kos, die vlytige skottelgoedwassers en afdrogers en natuurlik ons meelewende lidmaat wat die ete geborg het. Dankie ook aan elkeen wat kom saamkuier het – dit was voorwaar 'n heerlike kuier met plek vir oud, jonk, groot en klein!























**Augustus = Barmhartigheidsmaand** in die groter NG kerk-familie en beslis ook in ons gemeente. Die tema vir vanjaar se groot voedselinsameling is **"31 dae van gee". Wat en hoe gaan ons dit doen?** Ons samel nie-bederfbare voedsel en blikkieskos in vir die vlg organisasies: Voedingsaksie, ACVV, Nagskuiling, Safehouse, Jeuguitreik, Stellemploy, behoeftige studente aan die US, behoeftige inwoners in Molenhof ouetehuis en die Eikiehartprojek by Laerskool Eikestad. Vir elke organisasie is daar 'n groot houer by die B-Aksie-tafel. Jy kan dus kies vir watter organisasie jy graag wil skenk en die kos in daardie houer sit. Jy is welkom om dit Sondae voor die erediens in die houers te kom sit, of gedurende kantoorure in die week (Ma-Vr 08:00 tot 13:00). **Wat kan jy bring?** Enige nie-bederfbare voedsel, bv droë pasta, sopmengsels, lensies, smere vir brood, koffie, tee, soppoeier en blikkieskos. **Jy is genooi!** Word deel van hierdie verskilmakende gemeenteprojek om die groot voedselnood in die Stellenbosch-gemeenskap te help verlig. Indien jy enige vrae het, kontak die kerkkantoor (021 886 5975 of skriba@stelwel.co.za).

## Spesiale bederf vir dogter by ACVV

Die ACVV het ons gemeente genader om 'n behoeftige graad 8-dogter, wat albei haar ouers verloor het, te help. Met al die skenkings wat in Mei ontvang is, kon ons spesiale items vir haar uitkies, pakkies opmaak en aan haar stuur. Sy het kos, nuwe beddegoed, klere, lekkerruik room en seep ontvang.

## Lesotho-uitreik 2026

Ons beplan om weer hierdie jaar van 24 September tot 3 Oktober 'n uitreik na Lesotho te onderneem. Alle lidmate, oud en jonk, is welkom om saam te kom. Hoërskoolkinders kan sonder hul ouers reis, maar laerskoolkinders moet asb vergesel wees van een of beide ouers. Indien jy/julle wil saamkom, kontak vir Braam Horn vir al die besonderhede by 071 608 4398.



## Inwoners van Molenhof is dankbaar





Fondse is in Junie uit die B-Aksie begroting bewillig om vir vyf behoeftige inwoners van Molenhof kospakkies aan te koop. Hier is Linda Koetsier by tannie Ria de Goede en Marius en Joané van Eck het Carol Nel se pakkie afgelewer. *"Julle gemeentelede is elkeen engele van die Here om so baie liefde en omgee vir ander uit te deel. Ek waardeer elke item in my kospakkie en was baie opgewonde toe ek dit oopgemaak het."*



## Word deel van die Naaldwerkbediening

As jy graag op 'n Donderdag tussen 09:00 en 12:00 saam met die vroue van die Naaldwerkbediening in ons gemeente se naaldwerkkamer wil kom werk, kontak die kerkkantoor. Daar is altyd werk om te doen - van lakentjies vir die Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid, tot sakke, borslappe en vele meer!

## Huis Horison-inwoner se bederf



Mouveen is 'n inwoner van Huis Horison en kan nie ophou glimlag nie! Haar kamer by Huis Horison het 'n *make-over* gekry met ons hulp. Haar kamer spog nou met 'n splinternuwe kombers en 'n geborduurde handdoek en waslap. Baie dankie! Elke klein bydrae wat jy na die kerkkantoor bring, maak 'n groot verskil in iemand se lewe!

# Op reis met Kai

Ons as gesin wil graag weer dankie sê aan ons absoluut wonderlike Stelwel-geloofsgemeenskap wat ons steeds so wonderlik ondersteun op ons kankerreis saam met Kai – ons kan nooit genoeg dankie sê nie!

Waar trek ons nou? As alles goedgaan, maak ons Woensdag 12 Augustus klaar met 20 dae se bestraling. Hierna kry sy lyfie so 'n paar dae ruskansie voordat ons weer voortgaan met die laaste 6 rondtes chemoterapie wat in alle waarskynlikheid ons gaan besig-hou tot die einde van die jaar.

Dankie vir elke maaltyd, drukkie, gebed en hoe-gaan-dit – ons waardeer elkeen van julle opreg en sou nie sonder hierdie gemeente staande kon bly nie! - *Freddie, Elzanne, Abi, Iowan en Kai*



*Pappa Freddie en Kai wag vir bestraling.*

# Ons B-Aksie is 'n seëning
## vir báie behoeftiges in Stellenbosch



Ons berig gereeld in die E-Nuus en Welweek van al die skenkings wat ons in die behoeftige gemeenskappe van Stellenbosch versprei. Sedert April het ons verskeie skenkings gemaak en aflewerings gedoen:

* Die ACVV kom gereeld met hul bakkie om veral klere, beddegoed, handdoeke en selfs gordyne te kom haal. Van hierdie items word uitgedeel in die gemeenskap en ander items kan weer in hul winkeltjie, *Ampe Veniet,* verkoop word.
* Gedurende April het gemeentelede baie warm klere, komberse en kussings kerk toe gebring, asook skoene, pantoffels, kinderklere, lekker warm jasse en gebreide truitjies, musse (onder andere 'n volle 20 vir Jeuguitreik!), serpe en bedsokkies. Gevriesde sop, wildsvleis en nie-bederfbare voedsel is ook geskenk en van 'n gemeentelid se R200-donasie kon aankope gedoen word om 8 sopbottels te vul (8 sopbottels = 48 etes!).
* Die breiers in ons gemeente brei nie net in die winter nie - hulle brei heeljaar! As ons truie, serpe, musse en slaapsokkies in die lente en somer ontvang, word dit netjies weggebêre in die B-Aksie se stoor. Gedurende Meimaand is dié voorraad in die stoor uitgedeel - 39 truitjies, 6 serpe, 28 musse en 3 pare slaapsokkies!
* Gedurende Mei het die ACVV, Voedingsaksie, Stellenbosch Hospitaal, Huis Ebenhaeser, Nagskuiling, Safehouse, Jeuguitreik en die studente van Stellemploy onder andere truie en warm klere, skoene, komberse, musse, serpe, jasse en doeke ontvang. Elke skenking is met groot dankbaarheid ontvang en was presies wat elke organisasie nodig gehad het.
* In Junie moes Liesel Koen van Voedingsaksie 'n paar keer aartappels, uie en altesaam 20 liter sop kom haal. Ons het ook komberse saamgegee wat by voedingspunte uitgedeel kon word. By Huis Ebenhaeser kon ons komberse, 'n kamerjas en 'n hele sak tandepasta aflewer, asook 'n matras (spesiaal vir 'n bedlêende inwoner). By die Stellenbosch Hospice se Skoenlappersaal en by die kindersaal van Stellenbosch Hospitaal het ons toiletware, sokkies, bedsokkies, musse, serpe, kniekomberse, truie en handdoeke afgelewer. Stellenbosch Nagskuiling het 'n groot sak met hoofsaaklik mansklere gekry en vir die neonatale afdeling van Paarl Hospitaal kon ons twaalf gebreide jurkies met mussies en sokkies skenk. Dan het 12 sjef-assistente, wat 'n internasionale kursus by Stellemploy voltooi het, ook kospakkies ontvang. Die ACVV was baie dankbaar oor die groot skenking van hoofsaaklik netjiese mansklere wat hulle in hul winkel kan verkoop. Hulle het ook beddegoed ontvang wat hulle in behoeftiges kon uitdeel.

Baie dankie aan almal wat ons versoeke raaklees, omgee en bly gee!

## Jong Werkende Bediening bederf ons op Vadersdag

Daar is nuwe energie in die gemeente met die vorming van ons Jong Werkende Bediening! En hulle het ons omtrént bederf op Sondag 21 Junie met 'n spesiale Koinonia Kafee-tee vir Vadersdag. Die jongklomp het gesorg vir heerlike eetgoed en het baie moeite gedoen met die versiering van die tafel volgens 'n Springbok-rugby-tema. Kontak vir Elizna Horn (081 778 8008) of Gerrit Oosthuizen (083 858 0008) as jy deel van hierdie bediening wil word. Maak saam planne en droom saam!





# Sonderbriekers het heerlik in Mei gekuier

Ons klub vir 65-plussers het op Donderdag 21 Mei 'n heerlike saamkuiergeleentheid gehad hier by die kerk. Ons eie taalkenner van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Gerhard van Wyk, het 'n interessante en boeiende praatjie gegee: *Waar ons woorde se wortels lê*. Daarna is weggelê aan die soppe, broodjies met kaas en appelkooskonfyt en soetwyn en is daar góéd gekuier om die tafels! Die middag is afgerond met koffie, tee en soet happies.



## Lekker Wintermark



*Ons mini-Wintermark aan die einde van Julie was heerlik en almal kon smul aan die kerrie & rys, melktert en ander soete verleidings. Daar was darem ook groente! Dankie aan almal wat gehelp het en ook aan almal wat die verkope ondersteun het.*

## Gemeente en kerkraad hou dinkskrum

Die kerkraad, kerkpersoneel en verteenwoordigers van bedieninge in die gemeente het op Vrydag 29 Mei en Saterdag 30 Mei by Longridge saamgedink en saamgedroom oor die gemeente se visie en missie en hoe ons in die veranderende wêreld en Stellenbosch-gemeenskap ons gemeente en gemeente-sentrum se rol sien. Dit was 'n geseënde twee dae en almal se tenke is volgemaak om die toekoms vorentoe saam aan te durf.



## Ons gemeente word 61 jaar oud!

Ons gemeente se verjaarsdag is op 14 Mei en ons het dit vanjaar op Sondag 10 Mei met kolwyntjies by ons Koinonia Kafee gevier.






*Die kinders het hul jaarlikse Pannekoeksondag op 21 Junie omtrént geniet en 'n heerlike afsluiting vir die kwartaal gehad.*

***Kyk uit vir die volgende uitgawe van Die Welgelegener (Desember 2026) wanneer dit saam met die almanak vir 2027 op ons Kerssangdiens gereed sal wees om by die ingang te neem of daarna te kom afhaal by die kerkkantoor.***

# Die storie van die boom,
## die wind en al die planne!







Op Woensdag 3 Junie het die wind gewys wie is baas en die groot ou doringboom voor by die ingang laat kantel. Dit was so hittete, of dit het op een van ons kerkpersoneel se motors geval! Maar soos almal opgemerk het... die genade was groot!

Marius Engelbrecht, 'n gemeentelid en ook 'n lid van die Stellenbosch Saagklub, het een van sy spanmaats, Bertus Swart, opgekommandeer en die boom gratis opgesaag. Onder die wakende oog van Amy van Niekerk (wat altyd 'n plan het!) en John Villet én met 4 kanne petrol en báie spierkrag, is die boom netjies in stukke gesaag. Marius het vertel dat hy sommer sy nekspasma losgesaag het en na die tyd báie beter gevoel het!

Groot dele van die boom is intussen weer in die tuin gebruik en jy kan nou lekker op die stam in die sonnetjie kom sit en selfs 'n bietjie klouter... Die res van die stompe is opgekap vir braaihout, want ons hou mos van braai hier by die kerk! Willem Joubert, nog 'n saagklub-lid, het twee manne vir ons geleen om die stompe netjies op te kap.





Baie dankie Marius en Bertus vir jul harde werk, dankie Amy vir al jou planne met ons tuin, dankie Daniël Louw en John Villet vir jul insette, Willem vir die braaihout se opkap en natuurlik ook Johan Serdyn vir die wegry van al die takke.

# Pinksterreeks 2026




Vanjaar se Pinksterreeks het van 18 tot 21 Mei plaasgevind. Die tema was *Die dinge wat ons doen... en maak wat ons is.* Elzanne van der Westhuizen het die oggend– en aandbyeenkomste gelei en gehelp om ons te laat saam dink, saam gesels en saam besin oor die doop, die Bybel, nagmaal en gebed. Die boek *Being Christian* deur Rowan Williams is gebruik. Elzanne het die vier aande opgesom in 'n boekie wat by die kerkkantoor beskikbaar is.







*Baie dankie aan almal wat sop en broodjies geskenk het vir ons Pinksterbyeenkomste se saamkuier in die aande en ook die eetgoed vir die kuiers in die oggende. Dit was héérlik!!*

# 2026 BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| **30 Augustus** | Nagmaal & Barmhartigheidsondag |
| **12 September** | Lentefees |
| **24 September** | Erfenisdag |
| **24 September** | Lesotho-uitreik vertrek (tot 3 Oktober) |
| **5 Oktober** | Bybelnagte (vanaf 17:30) |
| **11 Oktober** | Matrieksondag |
| **23 & 24 Okt** | Kinderkampoorslaap by die kerk |
| **25 Oktober** | Hervormingsfees & Nagmaal |
| **1 November** | Gr 7-Sondag |
| **22 November** | Sondag van Christus die Koning & Nagmaal |
| **25 November** | Kersprojekverpakking |
| **29 November** | Kerssangdiens & Gemeente-ete-afsluiting |
| **30 November** | Ete vir Stellenbosch Nagskuiling |
| **16 Desember** | Versoeningsdag |
| **25 Desember** | Kersdag |
| **26 Desember** | Welwillendheidsdag |

**Ons Jaartema vir 2026 is:** SORG
"Ek is die egte druiwestok en my Vader is die landbouer...
Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie... Net soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Bly dan in my liefde."

**BANKBESONDERHEDE**
Nedbank Stellenbosch
Takkode: 198 765 / 149 821
Rekeningnommer: 149 804 6320
Verwysing: Naam & Van, Waarvoor

NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Buitekring 6, Dalsig, Stellenbosch, 7600
**Tel:** 021 886 5975
**E-pos:** skriba@stelwel.co.za
**Webwerf:** www.stelwel.co.za